Woensdag **31 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:6-11 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:10-11**

**Sterk in die Here se krag**

Verneder jou onder God se krag, en jy sal krag in sy sterkte vind. Of soos die apostel Paulus elders getuig: As jy swak is in jouself, is jy sterk in die Here se krag. So baie maal wil gelowiges op hulle eie kragte steun. U ken tog sekerlik hoe sommige gelowiges met bravade sal getuig dat hulle geloof nie sommer sal wankel nie. “Ek het tog die Here aan my sy, ek sal hierdeur kom.”

Hier staan egter ’n opdrag, ’n bevel: Onderwerp jou aan God. Stel jouself onder God se kragtige hand. As jy jouself wil verhef, sal jy tot ’n val kom, maar as jy jou gewillig onder God se almag stel, sal Hy jou self oprig.

Daarom kan jy jou bekommernis op die Here werp, want Hy het die vermoë om in alle omstandighede deur sy almag uitkoms te bring. Dit beteken egter nie dat jy maar kan agteroor sit en niks doen nie. Wees nugter en waaksaam. Wees op jou hoede. Staan die duiwel teë. Dra jou deel van die lyding van Christus met blymoedigheid.

Vir elkeen wat so in die geloof hulle krag en sterkte in God vind, sal Hy self ons lewe volmaak, bevestig en grondves deur sy ewige heerlikheid in Christus Jesus. Hy wat ons die volmaakte gehoorsaamheid geleer het in wat Hy gely het. Hy wat verneder is tot die dood toe, sodat ons deur sy dood verheerlik kan word. In sy krag is ons sterkte.

Dan kan ons saam bely dat die God van alle genade, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus, nadat ons ’n kort tydjie gely het, ons volmaak bevestig, versterk en grondves! Aan Hom die heerlikheid en eer tot in ewigheid

*Sing: Psalm 145-1:1, 10, 11*

*Ds. LJE (Lourens) Venter (Naboomspruit)*